Tema: Haal af jou masker! Vertel dringend vir die ongelowiges om voor Jesus Christus as Wêreldkoning te buig.

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 98-1: 3
Votum
Seën uit Open 1;
Loflied Ps. 2-1: 1, 2 (2 de Mel);
Geloofsbelydenis: Geloofsbelydenis van Nicea

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Eksodus 20
Sing Ps. 93-2: 1, 2, 5(mel Lied 582)
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Psalm 2
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Ps. 96-1: 1, 2, 5, 6
Gebed
Sing
Ps. 99-2: 1
Seën
Amenlied: Sb. 13 -3.

Liefdegawes by die deure: albei kollektes vir die Diakonie.

Geliefde brs en srs en kinders

In Psalm 1 lees ons die volgende: Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie,....

Hier in Psalm 2 lees ons weer van goddelose mense en wêreldleiers wat in opstand teen God kom. Mense wat saamspan en in die donker konkel en wat probeer om dit wat reg is - die wil en die wet van God – hulle noem dit "God se juk", om dit te vernietig! Hulle wil vry wees om te doen wat hulle wil en in onreg en boosheid voort te lewe en so die wêreld te vernietig!

Vandag is dit baie maklik om van hierdie wetteloses en goddeloses by die naam te noem! Almal ken hulle! Hulle bose dade van onreg, wetteloosheid en selfgeregtigheid is byna elke dag in die media! En sommige van hulle is trots dat hulle as sodanig bekend staan en dat massas mense hulle volg en onder hulle leiding God se juk afgooi.

Tussen gelowiges het dit ŉ gewilde onderwerp geword om oor hierdie goddeloses te praat! Ons noem hulle by naam en ons praat met afgryse van al hulle bose dade. Ons spreek die wens uit dat reg en geregtigheid sal seëvier en dat al hierdie boosdoeners aan die pen sal ry!

En dis maklik om oor hulle te praat, nie waar nie? Ons kan onsself regverdig want ons is - na aanleiding van Psalm 1 - darem nie deel van hulle opstand en samespanning teen God nie! Ons sit nie in die kring van die bose nie! Nee, ons loop die regte pad! En wanneer ons Psalm 2:4 lees van God wat in die hemel lag en met hierdie mense spot omdat hulle so iets onmoontlik probeer doen, dan kan ons dalk maklik saam begin lag! Ons kan met groot lekker kry sê: ja, as die hof julle nie kry nie – sal God julle kry!
Dis mos nou immers wat Psalm 2 sê: Christus sal hierdie goddeloses en leiers stukkend slaan soos ŉ mens ŉ erdepot met ŉ stok stukkend slaan! Ja, God sal kwaad word en Hy sal hierdie mense in sy woede verpletter!

Maar, brs en srs, dit is nie wat die boodskap van Psalm 2 is nie!
Ons mag nie saam met God lag oor hierdie dinge nie! Nee, Openbaring 12:12 sê: ons moet eintlik huil! Ons moet huil oor Satan en die magte van die bose wat na Jesus se hemelvaart en sy Troonsbestyging op hierdie aarde toegesak het. Die bose wat teen God in opstand kom en alles wat goed en reg is wil vernietig!

En geliefdes, ons sou ook elke dag met trane gelewe het, as God nie ingegryp en Jesus Christus as Koning van die wêreld aangestel het nie! Dit is die wonderlike nuus – die blye boodskap van Psalm 2!

Psalm 2: 6 beskryf dit! Daar verklaar God: [6]"Dit is Ek wat hom as my koning gesalf het op Sion, my heilige berg." Dit is ŉ Koningsverklaring net soos wat Jesus in Matteus 28 ŉ Koningsverklaring maak met die woorde "aan My is al die mag in die hemel en op die aarde

gegee”! Natuurlik verwys Psalm 2 in die eerste plek na koning Dawid! God verklaar dat Hy Dawid as die koning van Israel aangestel het en hy die heerskappy van God hier op aarde verteenwoordig!

Maar soos wat ons die Psalm verder lees sien ons dat hier van Iemand groter as Dawid gepraat word! Dawid het tog nooit oor al die nasies van die aarde geregeer nie en kon hulle nie met sy ystersepter verpletter nie! Dit kon hy maar met die volke rondom Israel doen!

Dis duidelik dat hier oor iemand groters gepraat word! Die verwysing na die koning van Israel as “die seun van God” gaan ver bo Dawid se realiteit uit! En verse 11 en 12 word die Koningseun met “Jahweh” – die Here – gelykgestel! Dit kan tog nie Dawid wees nie!

In die Nuwe Testament kom die lig en maak dit vir ons duidelik: Psalm 2 is eintlik ŉ profesie oor Christus se Koningskap! God praat hier eintlik oor die koningskap van Christus en die psalm is ŉ dringende getuienis aan die goddelose mense om hulle te bekeer en in gehoorsaamheid voor Christus te buig!

Ons lees dat Paulus in Handelinge 13:32–33 hierdie Psalm aanhaal wanneer hy sê: 32“En nou verkondig ons aan julle die goeie boodskap dat God die belofte aan die voorvaders 33vir ons, hulle nageslag, vervul het deur Jesus uit die dood te laat opstaan. So staan daar dan ook in die tweede psalm geskrywe: Jy is my Seun, vandag het Ek aan jou die lewe gegee.” Ook in die boek Hebreërs word Psalm 2 twee keer op Jesus van toepassing gemaak!

God het Christus, sy Seun, Koning van die wêreld gemaak en na Jesus se opstanding begin Hy om alreeds hier op aarde sy koningskap aan die dissipels ten toon te stel! Dis die goeie nuus vir die kerk – maar ook vir die wêreld!

En daarom, brs en srs en liewe kinders: op grond van hierdie heerlike waarheid en aankondiging verander ons as kerk se “huil” van Openbaring 12 na ŉ kragtige getuienis! Psalm 2 is ŉ Ou Testamentiese uitvoering van Jesus se woorde aan ons: Gaan dan heen na al die nasies toe en gaan verkondig dat ek Koning is – dat Ek regeer en dat almal voor my moet buig! Die boodskap moet vanaf die kerk na die wêreld!

In Psalm 2 vers 10 – 12 word die getuienis oor God se heerskappy deur Christus aan die goddelose wêreld gerig. ŉ Dringend boodskap van bekering tot God en gehoorsaamheid aan Christus! Inderdaad ŉ dringende getuienis! Wanneer die goddeloses hulle nie na God bekeer en gehoorsaam buig onder Christus se gesag nie, sal Christus hulle met die Wederkoms met sy ystersepter stukkend slaan! Ons lees daarvan in Openbaring 19.

Geliefdes, juis om hierdie rede, juis omdat ek en jy onder Christus se heerskappy lewe en weet wat wag vir diegene wat in opstand teen Hom kom, mag ek en jy en ons as kerk nie maar net praat en skinder oor die goddeloses en alles wat hulle doen nie! Hoe hulle in opstand teen God kom en die “juk” van die waarheid wil afgooi nie! Ons kan nie maar net

rondom ons sien hoedat mense in ongeloof lewe en voortgaan om alles wat reg is te vernietig nie!

Ek verwys nie nou na die politici van die dag wat tans in die nuus is oor hulle wandade nie! Ek praat van die ongelowige mense wat tussen my en jou leef! Ons wat elke dag te doen kry met iemand wat nie meer in God glo nie, iemand wat selfs opstand teen God bewerk met sy of haar valse godsdiens! Ons leef tussen mense wat niks van God en sy wet wil weet nie en wat in uiterste selfsug net vir hulleself lewe!

Ons kinders – daar is soveel van julle maats op skool wat nie die Here ken nie en Jesus dien nie! Julle weet mos van hulle – hulle behoort nie ‘n kerk nie en hulle leef sonder God!

Dis na hulle wat Jesus ons stuur om vir hulle van Hom en sy Koningskap te vertel! Om te getuig dat Christus die enigste Redder en Verlosser is en dat jy voor sy mag moet buig! Aan Hom is alle mag gegee!

Sou die gesprek so kon verloop? My vriend: hoe wil jy nou in opstand teen Hom kom? Nee, getuig Psalm 2: 11: jy moet die Here met ontsag dien! Hy is Koning en Hy kom! Die tyd is min en wanneer Hy kom wil jy nie met sy woede en sy mag te doen kry nie! Inteendeel vriend: wie in Christus glo as sy of haar Verlosser leef onder die heerlike Koningshand van Jesus! Psalm 2: 12 getuig: dit gaan goed met die mens wat by Hom skuiling vind!

Br en sr, hoekom is ons so stil hieroor? Hoekom sou ons nie hierdie dringende boodskap aan die wêreld wou bring nie? Hoekom huiwer ek en jy om voor ongelowiges oor Christus as Koning te praat? Twyfel ons dalk self of Hy regtig die Een is aan Wie alle mag in die hemel en op die aarde behoort? Dink ons dalk die goddeloses en opstandiges verdien nie om van Christus te hoor nie? Wil ons eerder dat hulle onder die wraak van God moet val? Sou dit eerder hulle verdien loon wees?

Wat dan dan my en jou wat self soms opstandig is teenoor God? Ons wat in baie opsigte self die “juk” van God se regering oor ons lewe wil afgooi deur ons eie ongehoorsaamheid en selfsug! Verdien ons dan die genade van vergifnis en hulle nie?

Br en sr: die maskers wat ons “metafories” stilmaak of onderlangs laat mompel moet afkom! Ons Koning gee ons die opdrag in Matteus 28: Gaan na die nasies toe! Wie is hierdie nasies: dis die mense waarvan Dawid in Psalm 2 vertel! Almal wat ek en jy ken wat God nie eer nie en wat Christus verwerp!

Ek en jy moet doen wat Dawid in Psalm 2 doen: Vertel vir jou vriend, jou kollega of sommer maar net die persoon wat op ’n dag jou pad kruis en jy kan sien: hy of sy is in opstand teen God! Vertel van Jesus as die Koning! Vertel van hoe Jesus se lewe afgelê het sodat Hy ons Koning kon word!

Christus Jesus het aan die kruis die mag van Satan klaar gebreek het! Dis hoekom God in Psalm 2 kan lag! Want God weet Satan en sy magte, alle goddelose mense en leiers wat in opstand kom, se pogings sal misluk!

Vertel van God se liefde vir verlore mense – dis hoekom Christus ons stuur! Hy wil almal voor Hom en sy gesag laat buig – sodat almal deel kan wees van sy heerlike Koningryk!

Brs en srs, het jy ook vanmore in Psalm 2 die dringendheid van hierdie saak tussen die lyne gelees? ’n Dringende oproep aan die kerk van die Here: vertel en getuig! Psalm 1 het gesê: daar is net twee paaie in die lewe! Psalm 2 kom sê: die mense van die regte pad moet die mense wat op die verkeerde pad is, dringend waarsku!

Dis my en jou taak – dis waarom ons hier is! Die tyd raak min! Christus kom weer en wanneer Hy kom - dan kom Hy inderdaad om te oordeel en die goddeloses met sy ysterstaf stukkend te slaan! Daarom mag ek en jy nie stilbly nie!

Wat sê Psalm 2 dus vir ons vanmore: Dit is dan die boodskap:
Haal af jou masker van onwilligheid! Vertel dringend vir die ongelowiges om voor Jesus Christus as Wêreldkoning te buig.

Amen.

In reaksie op die boodskap: kom ons sing vir en oor ons koning uit Ps 96 – 1Vers1,2,5,6